HOëRSKOOL
ELDORAIGNE

16 Oktober 2026

Geagte Voornemende Graad 8-Ouer(s)/Voog(de)

BEVESTIGING VAN PLASING: GRAAD 8-2027

Hiermee bevestig ons u kind se plasing vir 2027, by Hoërskool Eldoraigne. Ons is vol vertroue dat u die regte keuse geneem het, en sien uit om saam met u as gesin, 'n pad te stap oor die volgende vyf jaar. Die oorgang van laerskool na hoërskool kan vreemd en oorweldigend wees en daarom wil ons u graag bemagtig met belangrike inligting.

GRAAD 8-WHATSAPP OUERGROEP

Sluit asseblief aan by die Klas van 2031 se WhatsApp-groep. Saaklike inligting spesifiek van toepassing op die Graad 8's sal hier gedeel word en dit sal ook deel vorm van die Eldo-Community, waar u alle kommunikasie vir die duur van u kind se hoërskoolloopbaan sal ontvang: WhatsApp Group Invite

GRAAD 8-2027 HEMPIE

Ten einde graadtrots en samehorigheid van die eerste dag van die Graad 8-kamp af te bevorder, wil ons graag verseker dat elke leerder se Graad 8-hempie reeds op 9 Januarie 2027 beskikbaar sal wees. Daarom moet die bestelling van die hempies reeds gedurene 2026 afgehandel word.

Neem asseblief kennis dat die graad 8-hempie ingesluit is by die kampkoste. Hierdie hempie word deur die Graad 8's gedra as hul Vrydagdrag hempie vir 2027. Leerders wat nie die kamp bywoon nie, kan steeds 'n hempie bestel deur 'n e-pos te stuur aan klere@eldorepubliek.co.za. Die koste van die hempies is soos volg:

- XS–L: R350
- XL: R360
- 2XL: R370

U kan gerus die Eldo-Republiek kontak by klere@eldorepubliek.co.za. U kind is welkom om die hempie by die Groenkas (bo die Eldo-Krieketakademie) te gaan pas. U kan die hempie bestel teen 26 Oktober 2026 deur die volgende skakel te voltooi: https://forms.gle/dr77unQtJUg23rZk9.

GRAAD 8-2027 WAT-WAG-DAG

Op Saterdag, 28 November 2026, nooi ons u en u kind uit om vakkeuses te bevestig, handboeke af te haal, skoolklere aan te koop en die geleentheid te kry om alle ander administratiewe sake soos busvervoer of kampbesprekings en vorms af te handel. U sal op die dag ook meer inligting oor die Graad 8-Eldo Verwelkomingsprogram (EVP) ontvang.

Daar is geen vaste program vir die oggend nie. U is dus welkom om enige tyd tussen 08:00-09:30 by ons aan te sluit en die administrasie af te handel. Ons vra dat u asseblief die hek in Christopherweg gebruik te maak en die roete soos aangewys, te volg.

SPORT: INLIGTING TOT DIE EINDE VAN DIE JAAR

Ons herinner u dat die Graad 7's reeds betrek word met voorseisoenoefeninge. Alle voorseisoen en in-seisoen reëlings word op hierdie groepe gekommunikeer. Neem dus asseblief die vrymoedigheid om by die groep/e van u keuse aan te sluit of die organiseerder per e-pos te kontak. Meer inligting is op hierdie groepe beskikbaar. Vir enige algemene sportnavrae, kontak gerus guessjc@hseldo.co.za.

Sport	Kontak	E-pos	WhatsApp-ouergroepskakel
Atletiek	Hanlie Truter	truterh@hseldo.co.za	WhatsApp Group Invite
Hokkie	Chadwin Petersen en Charles Stirling	petersenc@hseldo.co.za stirlingc@hseldo.co.za	WhatsApp Group Invite
Krieket	Le Roux Botes	boteslr@hseldo.co.za	WhatsApp Group Invite
Netbal	Marianne Ray	raym@hseldo.co.za	WhatsApp Group Invite
Rugby	Jaco van Schalkwyk	vanschalkwykj@hseldo.co.za	WhatsApp Group Invite
Swem	Crystal Engelbrecht	engelbrechtc@hseldo.co.za	WhatsApp Group Invite

Kultuuraktiwiteite skop vroeg in 2027 af, aangesien alle oudisies vir kultuurspanne in Februarie plaasvind. Verdere inligting oor die onderskeie kultuuraktiwiteite en oudisies sal vroeg volgende jaar aan leerders deurgegee word.

GRAAD 8-KAMP: 9-11 JANUARIE 2027

Ons wil graag ons Graad 8-leerders bemagtig deur middel van 'n geformaliseerde karakterontwikkelingsprogram wat deur hul Graad 8-jaar voltooi sal word. Die program skop af met 'n graadkamp wat daarop gemik is om ons leerders emosioneel voor te berei vir die uitdagings en geleenthede van hul nuwe skoolfase, hulle met belangrike lewensvaardighede toe ter rus en 'n sterk gevoel van samehorigheid binne die graadgroep te bevorder. Tydens die kamp sal daar ook spesifieke fokus geplaas word op die doelwitte en waardes van ons graad, asook op leierskapontwikkeling.

Plek: Konka Family Adventure Resort, Magaliesburg
Kostes: R2 000 per leerling, betaalbaar as volg:

Die geld kan by die finanskantoor inbetaal word in ons voorportaal of u kan 'n internetbetaling doen. Die kampbetalings kan ook tydens die Wat-Wag Dag op 28 November 2026 afgehandel word. Maak asseblief seker dat die verwysing korrek is.

Hier volg die bankbesonderhede:

BANKBESONDERHEDE:		
Rekeningnaam	:	Hoërskool Eldoraigne
Bank	:	ABSA Tjekrekening
Takkode	:	336345
Rekeningnommer	:	326 017 0944
Verwysing	:	910/208 en Leerling se Naam en Van

Stuur asseblief bewys van internetbetaling na eldo2031@hseldo.co.za. Alle betalings moet asseblief teen 11 Desember 2026 gefinaliseer wees. Indien u enige ander reëlings wil tref in verband met die betaling, kan u Me. Juanita Booysen by die skool skakel of 'n e-pos stuur aan eldo2031@hseldo.co.za. Ons wil u sover moontlik akkommodeer in die proses.

Vertrek en terugkeer:

- Saterdag, 9 Januarie 2027:
  Ons skop die dag af met 'n gesamentlike kerkdiens en opening in die vierkant waartydens ons as graadgroep, saam met ons Graad 8-leerders en hul ouers, die nuwe skooljaar amptelik saam begin. Ons versoek daarom dat alle leerders en ouers reeds om 08:30 by die vierkant aanmeld. Ná die kerkdiens en opening, word die Graad 8's deur die VLR ontvang, en vertrek die leerders omstreeks 12:00 vanaf die Christopherweghek na die Graad 8-kamp. Graad 8's moet asseblief hul Graad 8-hempie met 'n gemaklike broek dra.
- Maandag, 11 Januarie 2027:
  Die leerders sal na omreeks 12:00 by die skool terug arriveer. Die graadhoof sal deur middel van die ouergroep kommunikeer wanneer die leerders vanaf die kamp vertrek en wanneer hulle terug by die skool arriveer.

Aktiwiteite: Leerders neem op eie risiko aan die kampaktiwiteite deel. Die onderwysers en kamppersoneel sal egter alle redelike voorsorgmaatreëls tref om te verseker dat die aktiwiteite so veilig moontlik aangebied word.

Etes:

	Ontbyt	**Middagete**	**Aandete**
Saterdag, 9 Januarie			X
Sondag, 10 Januarie	X	X	X
Maandag, 11 Januarie	X		

Dit sal goed wees indien die leerders 'n middagete-pakkie kan saam bring.

Kampreëls:
Daar word van alle leerders verwag om die kampreëls te alle tye na te kom en die nodige dissipline te handhaaf. Dit is noodsaaklik om 'n veilige, ordelike en aangename kamp vir almal te verseker.

- Daar sal elke aand afgekondig word hoe laat ligte afgeskakel moet word.
- Leerders moet almal teenwoordig wees en betyds wees vir aktiwiteite.
- Seuns en meisies mag onder geen omstandighede in mekaar se kamers toegelaat wees nie.
- Die besit of gebruik van sigarette, e-sigarette, alkohol of enige ander verbode middels word streng verbied.
- Enige leerder wat bogenoemde reëls oortree of ernstige gedragsprobleme openbaar, se ouers sal onmiddellik gekontak word. Die ouers sal verantwoordelik wees om die leerder op eie koste by die kampterrein te kom haal.
- Kamerindelings sal deur die toerleiers bepaal word. Daar sal 'n leier in elke kamer aangewys word wat verantwoordelik sal wees vir die kamersleutel, netheid en algemene dissipline.
- Ouers moet asseblief alle voedsel- en ander allergieë, asook enige mediese toestande of chroniese siektes, volledig op die toestemmingsvorm aandui. Dit is belangrik dat hierdie inligting vooraf aan ons deurgegee word sodat ons die nodige voorsorgmaatreëls kan tref.

Die volgende moet asseblief saamgeneem word vir die naweek:

- Slaapsak of duvet, paslaken en kussing.
- Muskietafweerder bv. Peaceful Sleep
- Sonskerm
- Eie medikasie en noodhulp (soos voorgeskryf deur dokter)
- Toiletware
- Flits
- Waterbottel
- Notaboek, bybel en 'n pen
- Sakgeld vir die snoepie. Daar is kaartfasiliteite.
- Hoed
- Warm baadjie
- Gemaklike en gepaste skoene – tekkies en plakkies.
- Pak slegs gemaklike en ou klere in wat kan vuil word.
- Badhanddoek
- Swemhanddoek
- Swemklere

Los asseblief die volgende by die huis:
- Waardevolle besittings

Voltooi asseblief die vrywaringsvorm, sowel as die mediese inligtingsvorm soos hieronder ingesluit. Handig asseblief albei vorms in op 28 November 2026, tydens die Wat-Wag Dag. Geen leerder sal op die bus toegelaat word indien alle vorms nie ingehandig is nie.
Die volgende skakel moet ook voltooi word vir die Departement van Onderwys. https://forms.gle/dKtDcUMm7huMdZv2A.

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE EERSTE SKOOLWEEK VAN 2027

- Graad 8-Kamp: 9-11 Januarie 2027
- EVP: 12 Januarie 2027 om 07:00 – 14:00, pawiljoen
- Skole open: 13 Januarie 2027. Leerders moet om 07:00 by die pawiljoen aanmeld.
- Atletiek Interhuis: 15 Januarie 2027

Vir enige navrae kan u die graadhoof kontak by, eldo2031@hseldo.co.za. Mev. Booysen sal u navrae hanteer of verder verwys indien nodig.

Vriendelike Eldo-groete

MNR. R SMITH
HOOF

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SCHEDULE 2: MEDICAL QUESTIONNAIRE

1.	School Name				
2.	Name Of Learner				
3.	Date Of Birth				
4.	Nature Of Tour				
5.	Name of Parent / Legal Guardian				
6.	Home Address				
7.	Home Telephone	-			
8.	Work Telephone				
9.	Work Address				
10	Do you belong to a medical aid?(X)	Yes	X	No	
	Name the fund				
	Medical Aid Number				
11	Name of Family Doctor				
12	Telephone Number				
13	Is your child allergic to any food? (X)	Yes		No	X
13.1	If yes, specify				
14	Is your child allergic to any medication?(X)	Yes		No	X
14.1	If yes, please give details				
15	Is your child presently taking any medication?	Yes		No	
15.1	If so, please give a detailed list of medication and the dosage prescribed				

Details of Person Providing the information	
Relationship to learner	
Print name	
Signature of Parent	
Date	

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SCHEDULE 3: PARENTAL TOUR CONSENT FORM

Note: This form to be completed by a parent legal guardian/person acting in parental capacity of the learner who will be undertaking a tour

1. DETAILS OF LEARNER

1.1	Name	
1.2	Grade	
1.3	School	

2. DETAILS OF THE SCHOOL

1.1	District	Tshwane South
1.2	Name of school	Hoërskool Eldoragne
1.3	Name of principal	Mr. R. Smith

3. DETAILS OF TOUR

3.1	Destination	Konka Family Adventure Resort - Magaliesburg
3.2	Purpose of tour	Grade 8 Camp
3.3	Proposed departure date	15 January 2027
3.4	Proposed arrival date	17 January 2027

I, _____ (parent / legal guardian / acting in parental capacity) do hereby consent to the above learner undertaking the tour, and confirm that I:

4.1 Have been advised and fully understand, the purpose, nature and risks associated with the tour;

4.2 Have been informed by the school of all the relevant details associated with this tour, including the itinerary, arrangements for travel, accommodation, contact details of the tour manager and other associated details;

4.3 Understand that in the event of accident or injury to the above learner that all reasonable steps will be taken by the tour manager to contact me to obtain my consent for any necessary emergency medical treatment and/or any emergency medical operation. In the event that the tour manager is unable to contact me in such circumstances, I authorise the tour manager to consent to any such treatment or operation on my behalf; consent must be obtained from

4.4. Have completed the medical questionnaire attached to ensure the safety of my child

4.5 Have been provided with a copy of the school's discipline and safety rules in terms of which the learner will undertake the tour.

Name of Person	Relationship to the learner	Contact details
		(Home) (Work) Cellphone Email : Fax :
		(Home) (Work) Cellphone Email : Fax :

CONSENT BY PARENT / LEGAL GUARDIAN / PERSON ACTING IN PARENTAL CAPACITY

5. DETAILS AND SIGNATURE OF PARENT/LEGAL GUARDIAN/PERSON ACTING IN PARENTAL CAPACITY

5.1	Name	
5.2	Capacity	
5.3	Address	
5.4	a) Contact telephone number	
	b) Cell number	
5.5	Signature	
5.6	Date	